



### Hoekom moet jy Veekunde by Stellenbosch studeer?

As jy 'n passie vir produksiediere en wildspesies het en een van die toekomstige rolspelers in voedselsekuriteit in ons land, sowel as die res van die wêreld wil wees, is die BScAgric (Veekunde) program, met primêre fokus die wetenskap van diereproduksiesisteme, die program vir jou!

#### Dierefisiologie

Leer hoe produksiedier- en wildspesies ontwerp is om te reageer op die veranderinge in sy/haar interne en eksterne omgewings en hoe die dier se 11 orgaanstelsels saamwerk om seker te maak dat die dier kan produseer en reproduseer onder uiteenlopende produksie-omstandighede. Gevallestudies word gebruik om die teorie om te skakel na realistiese op-die-plaas gebeure sodat 'n begrip gevorm kan word hoe om diere optimaal te bestuur sodat hulle kan produseer en reproduseer.

#### Diereteling en -genetika

Die vermoë van produksiedier- en wildspesies om te reageer op veranderinge in sy/haar produksie-omgewing, word deels deur die dier se gene beheer. Dit is dus belangrik om die wetenskap verbonde aan die seleksie van produksie-verwante eienskappe te verstaan sodat produksiedier- en wildspesies geselekteer kan word om volhoubare en optimale voedselproduksie te verseker, teen die agtergrond van uitdagings soos aardverwarming.

#### Herkouervoeding

Die wetenskap van die voeding van produksiedier- en wildspesies met 'n multi-kompartement maag ontwerp (soos bv. beeste, skape en bokke), en hoe dit hulle in staat stel om hoë-vesel diëte om te skakel in melk, wol, of vleis. Verbonde hieraan is die manipulerings van grondstowwe om hulle insluiting in herkouerdiëte te optimaliseer sodat volhoubare produksie verseker kan word en produksie van aardgasse soos bv. metaan, verlaag kan word.

#### Monogastriese Voeding

Die wetenskap van die voeding van produksiedier- en wildspesies met 'n enkelkompartement maag-ontwerp, waar die vermoë van ware enkelmaag spesies (soos varke) en agterderm-fermenteerders (soos perde en volstruise) om onderskeidelik laevesel en hoë-vesel diëte te benut, op gefokus word. Spesiale aandag word gegee aan die verwantskap tussen dieetsamestelling en dermkanaal gesondheid en -funksie vir optimale produksie en reproduksie onder uiteenlopende produksie-omstandighede.

#### Veeprodukkunde

Die dissipline fokus op die verwantskap tussen dierefisiologie, diere-teling en diervoeding van produksiedier- en wildspesies en die rol wat dit speel om 'n produk te produseer wat voldoen aan die behoefte van die moderne verbruiker. Die potensiele bydrae van die verwerking van dierprodukte en hoe dit die inkomste vanuit diereprodukte kan optimaliseer, word ook behandel.

#### Veebestuurkunde

Die vakgebied behels die beginsels van die bestuur van produksiedier- en wildspesies onder onderskeidelik intensiewe en ekstensiewe produksie-omstandighede sodat volhoubare en koste-doeltreffende voedselproduksie moontlik is. Die rol van die dier se onmiddellike produksie-omgewing word uitgelig, met 'n fokus op die implementering van die "One Health" benadering om volhoubare voedselsekuriteit te verseker.

#### Program

- BScAgric (Veekunde)

#### Toelatingsvereistes

Bykomend tot die algemene vereistes van die Universiteit Stellenbosch:

- Gemiddelde prestasie van 60% in die NSS / IEB skoolleindsertifikaat (Lewensoriëntering uitgesluit);
- Engels of Afrikaans (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) – 4 (50%);
- Wiskunde – 5 (60%); en
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) – 4 (50%)